

**DEPARTEMENT LOGISTIEK
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

**NAGRAADSE INLIGTINGSTUK:
KWANTITATIEWE BESTUUR
2019**

Tel: 021 808 2249

Faks: 021 808 3406

E-pos: mmt@sun.ac.za

Webtuiste: <http://www.sun.ac.za/logistiek>

KWANTITATIEWE BESTUUR NAGRAADSE MODULE

Anker programme:

HonsBCom (Kwantitatiewe Bestuur)

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam
58351	778	120	HonsBCom (Kwantitatiewe Bestuur)

MCom (Kwantitatiewe Bestuur)

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam
58351	899	180	MCom (Kwantitatiewe Bestuur) Doseer en Tesisopsie

MCom (Kwantitatiewe Bestuur)

Program-module

Kode	Module	Krediete	Modulenaam	Semester
58351	879	180	MCom (Kwantitatiewe Bestuur) Voltesisopsie	Beide

MODULES VIR 2019				
Module nommer	Module	Kode	Dosent	Krediete
Eerste Semester				
9	Kliëntediens en Logistieke Koppelvlakbestuur [LB]	11485 722	Me A de Bod	15
11	Inleiding tot Vooruitskatting [LB]	10911 723	Mnr H Freiboth	15
15	Kwantitatiewe Modelling [KB] [Verplig]	12722 711	Dr CG Jacobs	15
17	Padvervoerbestuur [VE]	59145 744	Mnr RA Janse van Rensburg	15
31	Voorsieningsbestuur (Inkomend) [LB]	13077 714	Mnr A de Swardt	15
43	CAPITA SELECTA 1 : Stelseldinamika [ON]	64009 771	Me L Venter	15
Tweede semester				
18	Plasing van Fasiliteite [ON]	10925 742	Me J Thiar	15
25	Vooruitskatting [ON]	10933 753	Prof JH Nel	15
26	Metodes in Kwantitatiewe Bestuur [KB] [Verplig]	12721 741	Dr L Potgieter	15
29	Voorsieningsketting Prestasiebestuur en Tegnologie Ondersteuning [LB]	11483 722	Me U Kussing	15
32	Voorsieningsbestuur (Uitgaande) [LB]	13078 714	Prof L Goedhals-Gerber	15
37	Pakhuisbedryfsbestuur [LB]	13472 741	Prof JJ Louw	15
Voorvereistes: Module 11 of ON 3 is 'n slaagvoorvereiste vir Module 25 Module 15 is 'n slaagvoorvereiste vir Module 26		Navorsingswerkstuk eerste en tweede semester: Kwantitatiewe Bestuur HonsBCom 11047 772		30
		KB MCom 150 12972 882 (Die 150 krediete KB MCom program vereis modules van 30 krediete) 180 12972 828		

MODULE 15

12722 711 KWANTITATIEWE MODELLERING

Kursusdoelwit

Hierdie module sal studente met gevorderde kwantitatiewe vaardighede toerus om hulle in staat te stel om uitgesoekte wiskundige modelle in die bedryf in die algemeen te identifiseer, op te los en te vertolk. Die proses behels verskeie stappe: (i) identifisering van die probleem, (ii) bou van 'n wiskundige model, en (iii) die oplos en vertolking van die resultate.

Kursusinhoud

- Lineêre algebra
- Lineêre programmeringsmodelle met spesifieke toepassings in die bestuur van voorsieningskettings, en die bedryf in die algemeen;
- Skeduleringsmodelle;
- Voorraadmodellering;
- Toepassings in LINGO.

Opmerkings

1. Die module word gedurende die eerste semester aangebied.
 2. Die module tel 15 krediete.
 3. Kwantitatiewe Bestuur 3 is 'n slaagvoorvereiste vir hierdie module.
 4. Die module word slegs residensieel aangebied.
 5. Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Module 26 (Metodes in kwantitatiewe bestuur).
-

MODULE 18

10925 742 PLASING VAN FASILITEITE

Kursusdoelwit

Die plasingprobleem is kompleks en besluite hieroor kan 'n langdurige invloed op 'n onderneming se prestasie hê. Die ligging van fasiliteite en die toekenning van kliënte aan daardie fasiliteite bepaal die distribusiepatroon en gepaardgaande eienskappe soos tyd, koste en doeltreffendheid. Optimale Plasing van fasiliteite en kliënte toekenning verseker goeie materiaalvloeï en diens aan kliënte, asook doelmatige benutting van skaars hulpbronne.

Kursusinhoud

1. Basiese plasingmodelle
2. Netwerkprobleme
3. Probleme met/sonder kapasiteitsbeperkings
4. Dinamiese Plasing van fasiliteite
5. Toekenningsprobleme
6. Stogastiese plasingprobleme
7. Plasing van ongewensde fasiliteite

Opmerkings

1. Hierdie module word in die tweede semester aangebied.
 2. Operasionele Navorsing 314 en 344 of 60% vir Kwantitatiewe Bestuur 3 is 'n slaagvoorvereiste vir hierdie module.
 3. Die module tel 15 krediete.
 4. Die module is slegs aan residensiële studente beskikbaar.
-

MODULE 26

12721 741 METODEDES IN KWANTITATIEWE BESTUUR

Kursusdoelwit

Hierdie projekgedrewe module word in samewerking met 'n aantal vennote in die industrie aangebied. Die module word in die vorm van drie projekgedrewe siklusse aangebied, waarin praktiese veldbesoeke, wiskundige modellering en die mondelinge sowel as visuele aanbieding van resultate 'n sentrale rol speel.

Kursusinhoud

Die onderwerpe van hierdie projekte ressorteer onder die drie hoofkategorieë:

1. Wiskundige programmering
2. Voorraadbeheer
3. Modellering van Fisiese distribusie of 'n skeduleringsprobleem.

Opmerkings

1. Die module word gedurende die tweede semester aangebied.
 2. Die module tel 15 krediete.
 3. Kwantitatiewe bestuur 3 en die module "Kwantitatiewe modellering" (12722 711) is slaagvoorvereistes vir hierdie module.
 4. Die module word slegs residensieel aangebied.
-

MODULE 43 CAPITA SELECTA

64009 771 STELSELDINAMIKA

Kursusdoelwit

Hierdie module sal studente bekend stel aan die simulasetegniek, Stelseldinamika (SD). Stelseldinamika is 'n tegniek waarmee ons nie-lineêre gedrag van 'n komplekse stelsel ontleed deur van voorrade, vloei, en interne terugvoerlusse gebruik te maak. Ná afloop van hierdie module sal studente die vermoë hê om gepaste toepassings vir SD-simulasie te identifiseer, die onderliggende teorie daarvan te verstaan, uitvoerbare modelle in geskikte sagteware te bou, en die modelle te interpreteer.

Kursusinhoud

1. Inleiding tot Stelseldinamika
2. Modelleringsselemente en tegnieke
3. Toetsing en verifiëring
4. Analise en kalibrasie

Opmerkings

1. Die module word tydens die eerste semester aangebied.
2. Die module tel 15 krediete
3. Kwantitatiewe Bestuur 3 of Operasionele Navorsing 3 is 'n slaagvoorvereiste vir hierdie module.
4. Die module word slegs residensieel aangebied.